

22 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 13:44-52
Fokusgedeelte: Matteus 13:51, 52

Ek is skat-ryk!

Plotseling is die skat daar, is sy skitterende rykdom blootgelê. Ryk, met een slag! 'n Verborgte skat was in daardie dae nie ongewoon nie, omdat mense hulle kosbaarhede in die grond begrawe het wanneer vyande hulle aangeval het en die eienaar baie maal met sy geheim dood is sonder dat die skat opgegrawe is.

Ten minste, indien hy op wettige wyse eienaar van die skat kan word en daarvoor sal hy al sy kragte moet inspan om daardie stuk land te koop om nie die skat te verloor nie. Hy aarsel en stel nie uit nie, naarstiglik handel hy om hierdie skat syne te maak. So, vertel Jesus, gaan dit wanneer die Heilige Gees 'n sondaar daartoe bring om die verlossing in Jesus Christus as kosbare skat te ontdek en dit jouself deur die geloof toe te eien.

Jesus is die ware skat in Wie daar oorvloed is. Wie Hom gevind het, het die lewe gevind, het perspektief en antwoorde op alle donker vrae omtrent sonde en skuld, versoening en vrypraak, verlossing en saligheid, ook oor die misterie van dood en ewigheid ... oor siekte en ellende, swaarkry en eensaamheid ... 'n weelde wat ons van binne-uit verryk en verheerlik ...

Die evangelie is die land waarin hierdie skat versteek is en dáár moet elkeen hierdie kosbare skat persoonlik ontdek – wie die Skrifte deursoek, vind nie net Jesus as kosbare skat nie, maar ook die ewige lewe.

In God se koninkryk is alles weelde. In Christus is ons skat-ryk aan genade, aan die teenwoordigheid van ons God, ryk aan vergifnis, aan die vervulling met die Heilige Gees. Die weelde van te weet ek is waarlik God se kind, my sondes is vergewe, 'n weelde van diepe geluk en stille blydskap. En dan, naby of dalk nog ver, die skat-weelde van die hemel waar alles skitter soos edelstene en vonkel soos diamante ...

Sing: Psalm 48:1

Dr. PK Lourens (Bloemfontein)